



*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search  
<http://ageconsearch.umn.edu>  
[aesearch@umn.edu](mailto:aesearch@umn.edu)

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

## 'N EMPIRIESE GEVALLESTUDIE VAN BEDRYFSGROOTTEVOORDELE IN DIE VAALHARTSBESPROEIINGSGBIED<sup>1</sup>

A Callow

Direktoraat Landbou-ekonomiese, Departement Landbou-Ontwikkeling, Pretoria

J van Zyl

Departement Landbou-ekonomiese, Universiteit van Pretoria, Pretoria

HJ Sartorius von Bach

Departement Landbou-ekonomiese, Universiteit van Pretoria, Pretoria

JA Groenewald

Departement Landbou-ekonomiese, Universiteit van Pretoria, Pretoria

### Uittreksel

Die Wet op Onderverdeling van Landbougrond (Wet 70 van 1970) voorkom die onderverdeling van landbougrond in die kommersiële gebiede van Suid-Afrika in "onekonomiese" eenhede. In 'n nuwe bestel behoort optimale bedryfsgrottes eerder as minimum plaasgroottes nagestreef te word. Teoreties gesproke is die optimale plaasgrootte nie dieselfde vir enige twee bestuurders nie. Die beter bestuurder sal oor die langtermyn die groter plaasbesigheid besit. In die Vaalharts besproeiingsgebied word bogenoemde beginsel empiries getoets deur middel van dwarsniet regresievergelykings met bruto inkomste as afhanglike veranderlike. Die resultaat bevestig die volgende: i) Indien bestuur geïgnoreer word is konstante bedryfsgrattoe opbrengs gevind; en ii) as bestuursgehalte egter as onafhanglike veranderlike in die model ingesluit word, word stygende bedryfsgrattoe opbrengs waargeneem. Hierdie resultaat onderskryf dus die teorie en 'n algemene gevolgtrekking is dat optimale plaasgrootte 'n funksie van bestuur is.

### Abstract

An empirical study of economies of scale in the Vaalharts Irrigation Area

The Act on Subdivision of Agricultural Land (Act 70 of 1970) prohibits the subdivision of agricultural land in South Africa's commercial areas into "uneconomic" units. In a new dispensation optimal, rather than minimum farm sizes should be pursued. The optimal farm size is theoretically not the same for any two farmers. The better manager will have the larger farm over the long run. The above principle was empirically tested in the Vaalharts Irrigation area by means of cross sectional regression equations with gross income as dependent variable. The result confirms the following: i) If management is ignored, constant returns to size is encountered; and ii) when managerial quality is however included in the model as independent variable, increasing returns to scale is found. This result thus supports the theory and a general conclusion is that optimal farm size is a function of management.

### 1. Inleiding

Bedryfsgrattoevoordeel is reeds sedert die begin van die eeu 'n vraagstuk onder landbou-ekonomie. Henry C Taylor het alreeds in 1902 'n lesing gegee by die Universiteit van Wisconsin oor die ekonomiese van skaal (Taylor en Taylor, 1952). Die grootste aantrekkingskrag vir die begrip was 'n besorgheid oor die lae inkomste van boere. Daar wou bepaal word hoekom sekere boere beter gedoen het as ander. Plaasgrootte was een van die sleutelfaktore wat geïdentifiseer is. Die plaas en die bestuurder se besluite het primêre aandag geniet (Case en Williams, 1957). Die vraag ontstaan waarom plaasgrootte wel die belangstelling vir so lank geprinkel het. Volgens Stanton (1979) is daar vier belangrike en interafhanglike redes. Die lae inkomste en 'n begeerde om 'n minimum lewenstandaard vir boere te handhaaf kan as die eerste rede aangevoer word. 'n Tweede rede het te doen met plaasbestuur, naamlik om die kombinasies te vind van bronne wat produktief is en dan maniere te kry wat hulle suksesvol op individuele plase kan combineer. 'n Derde verwante rede het te doen met doelstelvendheid, naamlik wat die laagste koste en die beste manier is om 'n gegewe hoeveelheid bronse op 'n hele groep plase te gebruik. Die vierde rede het te doen met distribusie - wie regeer die land en die landbouhulpbronse en hoe word hierdie bronse onder die boere verdeel.

Volgens Groenewald (1991) is die teoretiese basis van bedryfsgrattoevoordeel gegrond op die statiese mikro-ekonomiese teorie van 'n firma in 'n milieu van sekerheid, volmaakte kennis, volmaakte mededinging en algemene deel-

baarheid, sowel as volmaakte stabiliteit van alle hulpbronse. Taylor (1905) het in hierdie verband die volgende stelling gemaak: "While there is no one proper size for farms in general, there is always a proper size of farm for a given man, at a given stage of his own development, on a given type of soil in a given time of production with given labour and market conditions". Verskeie opnames wys verskillende vlakke van winsgewendheid per eenheid produk by verskillende plaasgroottes. Dit kan as gevolg van die aannames van volmaakte mobiliteit, deelbaarheid en mededinging wees.

Vele kommissies en komitees het hulle besorgdheid uitgespreek oor die omvang en nadelige gevolge van onbestaanbare klein boerdery-eenhede en die onbeperkte uitbreiding van grondbesit deur groot grondcienaars. In Engeland spreek Britton en Hill (1975) hulself soos volg oor die aangeleentheid uit: "The relative merits of small and large farms have been argued for more than a century and the issue is as live now as it was in 1904". Die doel van hierdie studie is om vas te stel of bedryfsgrattoevoordeel/nadele in die Vaalhartsbesproeiingsgebied aanwesig is. Die rol van bestuur word eksplisiet geëvalueer.

### 2. Teoretiese aspekte

#### 2.1 Algemeen

Volgens die literatuur oor bedryfsgrattoevoordeel is die optimum grootte van 'n firma waar die langtermyn gemiddelde koste per eenheid produk geproduceer, 'n minimum is. Die

statiese teorie van die firma aanvaar egter volmaakte kompetisie, deelbaarheid, mobiliteit en 'n omgewing van algemele sekerheid. Boulding *et al.* (1962) verwys na Viner (1931) wat reken dat in so 'n milieu, sal ekonomiese van skaal deur die langtermyn gemiddelde kostekurve (LTGK) 'n raakpunt vorm met die prys en al die korttermyn gemiddelde kostekurves (GTGK). Die optimum grootte vir die firma is daar waar die langtermyn gemiddelde koste per eenheid produk 'n minimum is.

Konstante bedryfsgrootte meeropbrengste sal in 'n industrie heers, maar nie vir dieselfde firma nie. Die koste van elke firma sal gelyk wees aan sy ontvangstes, dit wil sê dat die produk se prys (gemiddelde en marginale ontvangste) sal by dié model met die aannames van homogeniteit van bronne sal alle firms dus identies wees (Mills en Schoeman, 1985). Indien geleentheidskoste ook in aanmerking geneem word, sal alle firms dieselfde netto inkomste per eenheid produk ontvang. Totale netto ontvangste sal varieer volgens die volume uitset. Hierdie stelling is egter net geldig in 'n milieu van volmaakte mededinging.

Die teorie en praktyk kom dus nie ooreen nie. Vele ondersoke oor plaasbestuur wys dat verskillende vlakke van winsgewendheid per eenheid produk by verskillende plaasgroottes heers. Heady en Dillon (1961) wys dat empiriese studies, waar die som van die elastisiteit van die insette die bedryfsgrootte opbrengste meet, dikwels konstante bedryfsgrootte opbrengste lewer. Dit impliseer dus 'n horizontale langtermyn gemiddelde kostekurve. Dit sal egter nie van toepassing wees vir die individuele firma nie, en dit verduidelik nie die volgehoue verskil in plaasgroottes in die landbou nie.

'n Benaderingswyse wat al dikwels toegepas is om die bestaan van skaalvoordele te bepaal is die statistiese passing van dwarssnitproduksiefunksies. Viljoen (1975) wys egter op 'n paar belangrike tekortkominge van dwarssnitproduksiefunksies. Die weglatting van bestuur as 'n inset in funksies kan 'n opwaartse beswaring in die uitset elastisiteit van kapitaal, en 'n afwaartse beswaring in beramings van bedryfsgrootte-opbrengs tot gevolg hê. 'Belangrike probleem met dwarssnitproduksiefunksies is dat dit nie 'n ware produksiefunksie weergee nie. Dit is in werklikheid 'n lokus van punte wat verky is vanuit 'n aantal verskillende produksiefunksies. Die beter bestuurder sal op 'n hoër produksiefunksie beweeg as die swakker bestuurder.

Ten spyte van bogenoemde gevare, het verskeie navorsers (o.a. Viljoen, 1975; Martinson, 1975; Joubert, 1984) hierdie metode gebruik om bestuursukses te meet. Die Cobb-Douglas tipe funksie word ook in hierdie studie gebruik om die bestaan van bedryfsgrootte voordele te bepaal en wel om die volgende redes (Heady en Dillon, 1961):

- i) Die regressiekoeffisiënt gee onmiddellik die elastisiteit van die verskillende insetsfaktore;
- ii) die dalende marginale opbrengsbegrip word weergegee sonder dat te veel grade van vryheid vereis word; en
- iii) die bedryfsgrootte-opbrengs kan direk vanaf die elastisiteit van die veranderlikes wat gebruik is, afgelei word.

## 2.2 Bestuur en bedryfsgrootte

Groenewald (1991) verwys na talle navorsers wat ekonomiese en disekonomiese van bedryfsgrootte gemeet het. Die meeste van hierdie navorsers het dinamiese elemente in hul navorsing gebruik. Volgens Groenewald (1991) sal die blote bekendstelling van dinamiese elemente regstreeks die bestuur betrek. Enige verandering in die plaasgrootte is as gevolg van die direkte besluite en aksies van die bestuur.

Patrick en Eisgruber (1968) het deur middel van 'n simulasiemodel 'n hipotetiese plaas gesimuleer met sekere veranderlikes wat beheerbaar is. Die veranderlikes wat beheer-

baar was, is bestuursvermoë en kapitaalstruktur. Volgens die resultate was bestuursvermoë die hoofskofaktor wat die groeiikoers van die plaas beïnvloed het. Ander faktore waarvan die invloed bepaal is, was rentekoers, langtermyn leningslimiete en mediumtermyn leningslimiete. 'n Studie deur Louw (1981) bevestig hierdie resultate onder Suid-Afrikaanse omstandighede. Volgens Lucas (1978) en Rosen (1981, 1982) sal besluite wat deur top-bestuur gemaak word, die doeltreffendheid van die werk op 'n laer vlak aefsekter. Hierdie stelling word deur Burger (1971) en Jansen *et al.* (1972) ondersteun. Burger (1971) het 'n skaal van bestuursvermoë ontwikkel en getoets wat gebaseer is op ses verskillende faktore naamlik toekomsblik, rekordhouing, kantoor, begroting, onderhoudstake en arbeidsverhoudinge. Hierdie skaal het hy gevind, was positief gekorrelleerd met sekere ander veranderlikes, insluitend bruto inkomste (Burger, 1971).

In studies wat deur Jansen (1968) en Swanepoel (1969) gedoen is, is gevind dat die koëfisiënt vir bestuursvermoë in sekere areas groter as een is. Dit duï daarop dat die produksielastisiteit groter as een is. Dit impliseer 'n verhoogde gemiddelde produk vir bestuur. Die som van elastisiteite was in sekere gevalle heelwat groter as een, wat 'n stygende bedryfsgrootte-opbrengs aandui. Dieselfde passing sonder bestuur het gewoonlik 'n som van elastisiteite van naby een gelewer, wat dus konstante bedryfsgrootte-opbrengs impliseer.

## 2.3 Die optimale plaasgrootte

Volgens Groenewald (1991) is die gebruik van die woord "optimale" plaasgrootte gevaaarlik en selfs misleidend vir beleidsdoeleindes. Die gevolgtrekking wat gemaak is, is dat indien optimaliteit in terme van die mees doeltreffende gebruik van hulbronne gedefinieer word, sal die minimum punt op 'n empiriese afgeleide dwarssnit gemiddelde kostefunksie, nie die optimale plaasgrootte weergee nie. Groenewald (1991), Heady en Jensen (1954) en Taylor (1905) spreek die mening uit dat daar nie 'n optimale plaasgrootte vir enige twee bestuurders sal wees nie. Die beter bestuurder sal die groter optimale plaasgrootte besit.

Groenewald (1991) meen verder dat plaasgrootte en die struktuur van die landbou nie as 'n ekonomiese konsep beskou kan word nie. Hy haal dan ook vir Raup (1972) soos volg aan: "An optimum farm size structure is a cultural variable in the final analysis. Given the levels of efficiency that can be achieved on moderate-sized farms in American agriculture, the question of farm size expansion is largely irrelevant on agrotechnical grounds. It is highly relevant on social, political, and in the broadest sense, cultural grounds. These seem clearly to be the foundations on which decisions as to farm size should increasingly be made in urban-industrial societies".

## 3. Data en metode

### 3.1 Algemeen

Die data berus op 'n persoonlike vraelys opname wat deur die Direktoraat Landbou-Ekonomie in die Vaalhartsbesproeingsgebied onderneem is. Inligting versamel is gebaseer op 'n tipiese produksiekoste vraelys en het verskeie aspekte soos inkomstes, uitgawes, bestuursvaardigheide, ens ingesluit. Die terugvoer van die vraelyste is gemonitor, bespreek en aangepas sodat die inligting versamel 'n hoë peil van betroubaarheid en eenvormigheid verteenwoordig. Vyf en dertig respondentie is gebruik, naamlik agt eenperseelboere, 19 tweeperseelboere en ag drieperseelboere.

### 3.2 Bestuursvraelys

Die bestuursvraelys van Burger (1969; 1971) is in hierdie studie gebruik ten einde bestuursgehalte te kwantifiseer. Die vraelys meet bestuursvaardigheid op ses vlakke, naamlik toekomsbeeld, rekords, kantoor, onderhoud, begroting en organisasie en beheer van arbeid.

Tabel 1: Elastisiteite van produksie en aanverwante gegewens soos verkry van die Cobb-Douglas-produksiefunksie wat die bestuur veranderlike uitsluit.

| Item                                | Funksie 1   | Funksie 2 | Funksie 3   | Funksie 4 |
|-------------------------------------|-------------|-----------|-------------|-----------|
| Afsnit (bo)                         | 0           | 4,7306    | 0           | 2,6706    |
| Elastisiteite van produksie (b1)    |             |           |             |           |
| Bewerkbare grond                    | 0,2708***   | 0,4279**  |             | 0,5969*   |
| Totale Bates                        | 0,4655*     |           |             |           |
| Totale DAK                          | 0,4378*     | 0,5096    |             |           |
| Kaalgrond                           |             |           | 0,3432*     |           |
| Ander DAK                           |             |           | 0,3482**    | 0,3255**  |
| Arbeid (R)                          |             |           | 0,1931****  |           |
| Huishoudelike uitgawes              |             |           | 0,2113****  |           |
| R2 (aangepas vir grade van vryheid) | 0,9996      | 0,7980    | 0,9995      | 0,6817    |
| F-waarde vir model                  | 24627,1000* | 52,6800*  | 15276,9000* | 36,3300*  |
| Som van die elastisiteite           | 1,1741      | 0,9376    | 1,0958      | 0,9224    |

\* - betekenisvol b by  $p < 0,0001$ ; \*\* = betekenisvol by  $p < 0,0001$ ; \*\*\* = betekenisvol by  $p < 0,01$ ; en \*\*\*\* = betekenisvol op  $p < 0,1$ .

Bogenoemde skaalitems word in 'n puntetelling verdeel, volgens die interpretasie wat verskaf word. Die opnemer se objektiwiteit is van belang aangesien die waarneming wat hy maak, die puntetelling bepaal. Vir elke skaalitem is 'n punt van een tot vyf toegeken. Die bestuursindeks van respondentie wissel dus van 'n minimum van 5 vir 'n swak bestuurder tot 'n maksimum van 30 vir 'n goeie bestuurder.

### 3.3 Regressiemodelle gepas

Die meet van bedryfsgrootte opbrengste deur die som van die elastisiteite soos verkry vanuit dwarsniet regressievergelykings word deur Heady en Dillon (1961) beskryf. 'n Cobb-Douglas tipe funksie is hiervoor gebruik. Bruto inkomste is as afhanglike veranderlike geneem. Hierdie metode is ook in dié studie gevolg. Alhoewel daar verskeie funksies gepas is, is slegs agt van die funksies geselekteer, aangesien hulle die mees betekenisvolle koëffisiënte en passings opgelewer het. Hierdie funksies is verdeel in vier funksies wat bestuur insluit en vier wat bestuur uitlaat.

Die resultate is in Tabelle 1 en 2 opgesom en daaruit kan die regressiekoeffisiënt, die betekenisvolheid van die veranderlikes in die model, asook die som van die elastisiteite verkry word. Laasgenoemde dui op dalende, konstante of stygende bedryfsgrootte opbrengs. Indien die som van die elastisiteite groter is as een, word stygende bedryfsgrootte opbrengs geïllustreer. Indien dit gelyk aan een is, is die bedryfsgrootte opbrengs konstant, en wanneer dit kleiner as een is, bestaan daar dalende bedryfsgrootte opbrengste.

In Tabel 1 word die elastisiteit van produksie met die bestuursveranderlikes uitgesluit, getoon. Die som van die elastisiteite toon in Funksies 1 en 3 dat daar stygende bedryfsgrootte meeropbrengste is en in Funksies 2 en 4 dat daar dalende bedryfsgrootte meeropbrengste heers. In al die funksies is die elastisiteit van produksie betekenisvol. Die som van die elastisiteit verskil egter in al die gevalle egter nie betekenisvol van een nie. Konstante bedryfsgrootte opbrengs kan dus vir al die modelle aanvaar word.

In die resultate soos vertoon in Tabel 2 is bestuur ingesluit in die modelle. Die som van die elastisiteit is deurgaans beduidend groter as een wat dui op stygende bedryfsgroottevoordeel. In al vier funksies was die koëffisiënte vir bestuur statisties betekenisvol by 'n een persent peil van betekenis.

### 4. Evaluasie en bespreking

Vanuit die resultate kan waargeneem word dat indien bestuur geïgnoreer word is konstante bedryfsgrootte opbrengste telkens gevind. As bestuurseghalte egter in die model ingesluit word, word die bydrae wat oppervlakte tot skaalvoordele maak van minder belang. Bestuur word die belangrikste faktor wat die

model verklaar en die som van die elastisiteite is in al die funksies wat bestuur insluit, groter as een. Hierdie verskynsel dui op stygende bedryfsgrootte meeropbrengste.

Die afleiding kan dus gemaak word dat bestuur die veranderlike is wat sal bepaal tot hoe 'n mate die plaas sal uitbrei. Hierdie stelling word deur Groenewald (1991) gestaaf wat wys dat bedryfsgrootte-opbrengs en optimale plaasgrootte nie dieselfde vir enige twee bestuurders nie. Die beter bestuurder sal die groter optimum grootte besit.

Die stygende bedryfsgrootte-opbrengs wat volgens die ontleding met die insluiting van bestuur gepaard gaan, het belangrike implikasies. Indien hierdie verskynsel regoor die land voorkom, kan daar verwag word dat die groter en meer doeltreffende produsente gaandeweg hul produksie sal uitbrei, terwyl dit moeiliker vir kleiner en minder doeltreffende produsente sal word om kop bo water te hou of om tot die landbou toe te tree. Hierdie minder doeltreffende produsente se groeimoontlikhede is gering. Landboubeleid is egter gerig om ook hierdie mense in die landbou te hou en hierdie beleid paai jaar waargeneem is.

### 5. Gevolgtrekking

Die empiriese gevallestudie van bedryfsgroottevoordele in die Vaalhartsbesproeingsgebied toon dat bestuur die bepalende faktor is in die mate wat 'n plaas sal uitbrei. Bedryfsgrootteopbrengs en optimale plaasgrootte is nie dieselfde vir enige twee bestuurders nie; die beter bestuurder sal die groter optimum grootte besit.

Resultate wys op belangrike strukturele veranderings vir Suid-Afrika. Die Wet op Onderverdeling van Landbougrond (Wet 70 van 1970) voorkom die onderverdeling van landbougrond in die kommersiële gebiede van Suid-Afrika in oneconomiese eenhede. In die lig van 'n nuwe Suid Afrika en die normalisering van die landbou-sektor behoort hierdie wet geskrap te word. Dit sou meebring dat optimum plaasgroottes volgens bestuursvaardighede eerder as minimum plaasgroottes die toekomstige landbouproduksie ondersteun. 'n Voortspruitende implikasie vir instansies betrokke met landbou is dat vervolgens nie meer teen klein eenhede gediskrimineer behoort te word nie. Buigbaarheid behoort eerder nagestreef te word.

### Nota

1. Die skrywers gee erkenning aan die Direktoraat Landbou-ekonomies wat die studie geïnisieer het en die data ingesamel het, sowel as die koste hieraan verbonde gedra het. Menings uitgespreek in die artikel is egter dié van die outeurs en moet nie aan die Direktoraat toegeskryf word nie.

Tabel 2: Elastisiteite van produksie en aanverwante gegewens soos verkry van die Cobb-Douglas-produksiefunksie wat die bestuur veranderlike insluit.

| Item                                       | Funksie 1 | Funksie 2   | Funksie 3 | Funksie 4   |
|--|-----------|-------------|-----------|-------------|
| Afsnit (bo)                                | 4,2639    | 0           | 2,3890    | 0           |
| Elastisiteite van produksie (b1)           |           |             |           |             |
| Bestuur                                    | 0,4317*** | 0,6023**    | 0,5051*** | 0,6372      |
| Bewerkbare grond                           | 0,3648*** |             | 0,5088**  |             |
| Totale DAK                                 | 0,4559*   | 0,3956*     |           |             |
| Kaalgrond                                  |           | 0,1962***   |           | 0,3098**    |
| Totale Bates                               |           | 0,2560***   |           |             |
| Ander DAK                                  |           |             | 0,2756*** | 0,2700***   |
| Arbeid (R)                                 |           |             |           | 0,1617****  |
| Huishoudelike uitgawes                     |           |             |           | 0,1737****  |
| R2 (aangepas vir grade van vryheid)        | 0,7743    | 0,9996      | 0,7041    | 0,9995      |
| F- waarde vir model                        | 38,7300*  | 21470,5000* | 27,1800*  | 14287,7000* |
| Som van die elastisiteite ( $\Sigma b_1$ ) | 1,2523    | 1,4500      | 1,2895    | 1,5524      |

\* = betekenisvol by  $p < 0,0001$ ; \*\* = betekenisvol by  $p < 0,0001$ ; \*\*\* = betekenisvol by  $p < 0,01$ ; en \*\*\*\* = betekenisvol

### Verwysings

- BRITTON, DK en HILL, NB. (1975). Size and efficiency in farming. Farmborough Saxon House.
- BURGER, PJ. (1969). Agricultural progressiveness - a South African concept. Ongepubliseerde D. Agric (Inst. Agrar) proefskerif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- BURGER, PJ. (1971). Die meet van bestuursinsette in die Landbou III: Die Opstelling en evaluering van 'n skaal. Agrekon, Vol 10, No 3.
- CASE, HCM en WILLIAMS, DB. (1957). Fifty years of farm management. Urbana University of Illinois Press.
- GROENEWALD, JA. (1991). Returns to size and structure of Agriculture - a Suggested interpretation. Development Southern Afrika, Vol 8, No 3.
- HEADY, EO en DILLON, JL. (1961). Agricultural production functions. Ames: Iowa State University Press.
- HEADY, EO en JENSEN, HR. (1954). Farm management Economics. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.
- JANSEN, AA. (1968). 'n Ekonomiese evaluering van 'n klein boerdery-eenheid in die Letabadistruk. MSc (Agric) - verhandeling, Universiteit Pretoria.
- JANSEN, AA, SWANEPOEL, GH en GROENEWALD, JA. (1972). The Measurement of Managerial inputs in Agriculture. IV: Application with Business Results. Agrekon, Vol 11, No 2.
- JOUBERT, JSG. (1984). Vergoeding van die Produksiefaktor Bestuur in Mielieproduksie. Ongepubliseerde Verslag. Afdeling Landbouproduksie-ekonomie, Departement Landbou-Ontwikkelig.
- LOUW, A. (1981). Business Growth in Agriculture. III: The Effect of Inflation on Business Growth. Agrekon, Vol 20, No 1.
- LUCAS, RE. (1978). On the Size distributions of Business farms. Bell. Journal of Economics. No 9.
- MARTINSON, TJ. (1975). 'n Bedryfsekonomiese ondersoek na boerderydoeltreffendheid in die Suidelike Swartland. MSc(Agric)-verhandeling, Universiteit Pretoria.
- MILLS, ED en SCHUMAN, L. (1985). Industry structure with fluctuating demand. American Economic Review. No 75.
- PATRICK, GF en EISGRUBER, LM. (1968). The impact of Managerial ability and Capital Structure on Growth of the Farm firm. American Journal of Economics, Vol 50, No 3.
- RAUP, PM. (1969). Economics and diseconomics of large scale agriculture. American Journal of Agricultural Economics. No 51.
- ROSEN, S. (1982). Authority, Control and the Distribution of earnings. Bell. Journal of Economics, No 13.
- ROSEN, S. (1981). The Economics of superstars. American Economic Review. No 71.
- STANTON, BF. (1979). Perspective on farm size. American Journal of Agricultural Economics. Vol 60, No 5.
- SWANEPOEL, GM. (1969). 'n Bedryfsekonomiese ondersoek na sekere boerderytipies in die Letabadistruk. MSc (Agric) verhandeling, Universiteit Pretoria.
- TAYLOR, HC. (1905). Introduction to the study of Agricultural Economics. New York: Macmillans Co.
- TAYLOR, HC. en TAYLOR, AD. (1952). The story of Agricultural Economics in the United States. Ames: Iowa State University Press.
- VILJOEN, P. (1975). 'n Benadering tot boerderydoeltreffendheidsanalise met besondere verwysing na die Rûens. MSc (Agric) Verhandeling, Universiteit Pretoria.

VINER, J. (1931). Cost curves and supply curves. *Zeitschrift Nationalökonomie*. Nr 3. In: Boulding, KE. en Stigler, GJ. (Eds.). (1962). *Readings in price theory*. Richard D. Irwin, Chicago.

#### Summary

The optimal farm size is theoretically not the same for any two farmers. The better manager will have the larger farm over the long run. This principle was empirically tested in the Vaalharts Irrigation area by means of cross sectional regression equations with gross income as dependent variable. The result confirms the following:

- i) If management is ignored, constant returns to size is encountered; and
- ii) when managerial quality is however included in the model as independent variable, increasing returns to scale is found.

This result thus supports the theory and a general conclusion is that optimal farm size is a function of management. In a new dispensation optimal rather than minimum farm sizes should be pursued. This means that the Act on Subdivision of Agricultural Land (Act 70 of 1970), which forbids the subdivision of agricultural land in South Africa's commercial areas into "uneconomic" units, should be abolished.